# LIMOUSIN BEESTELERS GENOOTSKAP VAN SA

## FOTOKOMPETISIE INSKRYWINGSVORM

*INSKRYWER:*

STOETERY NAAM: ______________________________________________________________
KUDDE NR :___________________________ KUDDE LETTERS:_____________________________
EIENAAR :____________________________ KONTAK PERSOON:___________________________
TEL: __________________ SEL: ______________________E-POS:_____________________________

***FOTO KOMPETISIE KLASSE:***

**KLAS 1 – VOORBLADFOTO** Hierdie foto mag in Landskap of Portret format wees, maar sal as 'n Portret beoordeel en gepubliseer word.

**KLAS 2 – NATUURLIKEFOTO** Hierdie foto beeld 'n Limousin natuur of plaastoneel uit. Diere moet in 'n natuurlike omgewing wees

**KLAS 3 – HALTERFOTO** Hierdie foto maak spesiale voorsiening vir beeste wat op halters is of wat in 'n uitstallings posisie staan.

**KLAS 4 – AMATEURFOTO** Hierdie foto maak spesiale voorsiening vir beeste wat self (amateur) afgeneem word – dit kan met 'n goeie kamera of selfs 'n selfoon geneem word!

***INSKRYWINGS:***
(Slegs 3 inskrywings per klas word toegelaat. Nommer asb. die foto's volgens die inskrywings bv. 1-9)

| FOTO NOMMER | KLAS | FOTOBESKRYWING: datum en plek van neem, fotograaf, dier op die foto ens. (Slegs vir na beoordeling gebruike) |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |
| 5. | | |
| 6. | | |
| 7. | | |
| 8. | | |
| 9. | | |
| 10. | | |
| 11. | | |
| 12. | | |

***PRYSE & BEKENDMAKING:***

Volledige uitslae en prys toekennings sal by die genootskap se jaarlikse dinee bekend gemaak word. Die volgende pryse geld:

**KLAS 1 – 1ste prys**: Wenfoto of gedeeltes van die wenfoto sal gebruik word as voorbladfoto van die Genootskap se joernaal.

**KLAS 2 – 1ste prys:** Wenfoto of gedeeltes van die wenfoto sal op spesiale gedeeltes van die Genootskap se webblad gebruik word.

***TERME & VOORWAARDES***:

1. Ingeskrewe Foto's en die diere op die foto moet die alleen eiendom van die inskrywer wees. Anders moet skriftelike toestemming deur die eienaar die inskrywing vergesel.
2. Slegs geregistreerde en volopbetaalde lede van die Limousin Beestelers Genootskap van Suid-Afrika mag deelneem aan die kompetisie.
3. Foto's wat ingeskryf word, mag deur enige persoon (professioneel of nie-professioneel van aard) geneem gewees het.
4. Vir beoordelingsdoeleindes moet die fotograaf se naam, so vêr moontlik, nie op die foto verskyn nie.
5. Foto's wat deur die fotobeoordelaars geneem is, mag nie ingeskryf word nie.
6. Foto's moet tussen 500 KB en 10MB groot wees en moet in digitale JPEG-formaat ingedien word.
7. Alle foto's wat ingeskryf word, word na inskrywing beskou as die eiendom van die Limousin Beestelers Genootskap van Suid-Afrika. Die bogenoemde Genootskap behou die alleen reg tot toekomstige gebruik van die foto. Vir ander gebruik van die foto, sal skriftelike versoeke deur die Genootskap se Besturende Raad hanteer word.
8. Redigering van 'n foto word op die inskrywer se eie risiko gedoen. Identifikasie soos sigbare oorplaadjies ens, hoef nie uitgeredigeer te word nie.
9. Beoordeling van die foto's sal gedoen word deur 3 verskillende beoordelaars volgens PSSA (Photographic Society of South Africa) voorskrifte.
10. Alle diere moet aan die ras se standaard van voortreflikheid voldoen. Ontoereikende foto's rakende ras standaarde sal nie in aanmerking geneem word nie.
11. Die Genootskap se Besturende Raad behou die reg om enige terme en voorwaardes te verander, te wysig of by te voeg. Hierdie veranderinge sal skriftelik deur gegee word.
12. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie of navrae sal gevoer word nie.
13. Wenpryse is soos uiteengesit op die inskrywingsvorm, addisionele pryse mag later bygevoeg word.
14. Oortreding van enige Terme, Voorwaardes, Kompetisie reëls of Kompetisie reëlings sal as onmiddellike diskwalifikasie van die betrokke inskrywing beskou word.
15. ***Sluitingsdatum: Alle foto's moet die genootskap se kantoor teen 1 April 2017 bereik.***

Hiermee verklaar ek (Inskrywer) dat ek alle terme en voorwaardes van die kompetisie verstaan en dat ek my aan alle terme en voorwaardes onderwerp.

__________________________ INSKRYWER

__________________________ DATUM